**Die GDO Graad R-taalverbeteringsprogram stem ten volle met die KABV ooreen.**

Elke tweeweek-onderrigsiklus is gegrond op 'n storie wat deur 'n goed ontwerpte aktiwiteitsprogram prakties aangewend word om leerders se mondelinge taal- en ontluikende geletterdheidsvaardighede te versterk.

Die program word deur die volgende hulpbronkomponente ondersteun:

- 'n Konsepgids waarin die opvoedkundige en kurrikulumbeginsels wat die programontwerp onderstut, uiteengesit is
- Aktiwiteitsgidse vir elke kwartaal met stories, liedjies en heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir 'n daaglikse 50 minuut-fokus op taal.
- Hulpbronpakke vir elke kwartaal, wat 'n Groot Boek, handpoppe, opeenvolgende prente, speletjies en template vir elke storiegebaseerde aktiwiteitsplan insluit.

Aktiwiteitsgids | Kwartaal 1

Taal

# Taalaktiwiteitsgids

## Kwartaal 1

Graad R-taalverbeteringsprogram



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

Activity Guide_cover_Term 1_7mm spine_A.indd 1
2021/11/29 08:26

Die Graad R-taal- en -wiskundeverbeteringsprogram is 'n inisiatief van die **Gautengse Departement van Onderwys** en hul sleutelvennoot, die **Gauteng Onderwysontwikkelingstrust**.
Die ontwikkeling en verskaffing van hierdie hulpbronne vir die Graad R-taalverbeteringsprogram is moontlik gemaak deur rojale befondsing deur die **Amerikaanse Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling** en die **Zenex Stigting**.

Die Graad R-taal- en -wiskundeverbeteringsprojek word deur **JET Onderwysdienste** in samewerking met **Wordworks** en die **Universiteit van Kaapstad se Skoolontwikkelingseenheid** as tegniese vennote bestuur.

Die **Graad R-taalverbeteringsprogram** is deur **Wordworks** ontwikkel.

Wordworks is 'n Suid-Afrikaanse organisasie sonder winsbejag wat fokus op vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling in die eerste agt jaar van kinders se lewens. Wordworks ontwikkel reeds sedert 2005 programme en materiale om met volwassenes te deel wat in die beste posisie is om ʻn impak op jong kinders se taal- en geletterdheidsontwikkeling te maak.

Hierdie uitgawe van die taalmateriaal is ontwikkel in samewerking met die **Skoolontwikkelingseenheid** en is verbeter deur inlynstelling met materiaal van die wiskundeverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van beamptes van die Gautengse Departement van Onderwys se subdirektorate vir Vroeëkinderontwikkelings- en Grondslagfase-kurrikula op distriks- en provinsiale vlak, wat waardevolle bydraes tot die inhoud van die materiaal gelewer het en konstruktief saamgewerk het om inlynstelling met provinsiale beleide, praktyke en waardes te verseker.

## Erkennings

### Spesiale dank aan:

- Die direktorate Onderwyserontwikkeling, Insluiting en Spesiale Skole, Kommunikasie en E-leer van die Gautengse Departement van Onderwys vir hul ondersteuning aan hierdie projek
- Kollegas van die Skoolontwikkelingseenheid van die Universiteit van Kaapstad en wiskunde- tegniese vennote van die Graad R-wiskundeverbeteringsprojek wat die reis met ons meegemaak en saam met ons geleer het
- Die Molteno Trust vir hul sorgvuldige verwerking van programmateriaal in agt van ons amptelike tale en die Gautengse Departement van Onderwys vir gehalteversekering van die verwerkte materiaal.

### Die program is gegrond op werk wat reeds deur Wordworks en die volgende vennote gedoen is:

- Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement in die provinsiale bekendstelling van die Ontluikende Geletterdheidsprojek in 2015–2016 en daarna.
- Khululeka, ITEC, Early Inspiration, Rhodes University's Centre for Social Development, Lebone Centre, K2A Project, Knysna Education Trust, die Universiteit van Kaapstad se Skoolontwikkelingseenheid, Primary Science Programme en ELRU, wat die program in hul werk met skole en vroeëkinderontwikkelingsentrums in die Oos- en Wes-Kaap opgeneem het en hul ervaring met ons deel
- Die DG Murray Trust, USAID, die ELMA Stigting en JP Morgan, wat die vroeër ontwikkeling van hierdie werk befonds het.

# ★ Leer is 'n reis ...

Leer is 'n reis. Dit verg tyd en baie oefening in ʻn veilige ruimte om iets nuuts te leer. Wanneer babas leer loop, neem dit maande om die nodige vaardighede te ontwikkel om onafhanklik te kan loop. Hulle oefen elke nuwe vaardigheid oor en oor voordat hulle tot die volgende vlak van krag en mobiliteit vorder.

Dink net hoe ons met babas praat wanneer hulle hul eerste treë neem. Kan jy hoor hoe mooi ons praat om ons kinders aan te moedig? "Kom, Thandi. Kom na Mamma toe. Kyk net hou sterk word jou beentjies."

Verbeel jou dat hierdie prente ʻn jong leerder wys op die reis om ʻn onafhanklike leser en skrywer te word. Dink aan al die vaardighede en nuwe kennis wat hierdie leerders moet ontwikkel. Dink ook aan hoeveel oefening hulle elke dag sal benodig om selfvertroue in elke nuwe vaardigheid te kry.

Hoe kan ons leeromgewings skep waar jong leerders die ondersteuning, begrip en genot ervaar wat ons sou uitdruk as hulle babas was wat hul eerste treë geneem het?





Activity Guide_cover_Term 1_7mm spine_A.indd 2 2021/11/29 08:26